

Kategeet werkblad: 12 September 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 4:2-6

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Hierdie paar verse sluit 'n eenheid af wat in Jesaja 2 begin het. Jesaja 2:2-5 begin positief en vertel van die woord van die Here wat weer in Jerusalem verkondig sal word. Jesaja 4:2-6 sluit net so positief af en vertel van die teenwoordigheid van die Here wat weer in Jerusalem sigbaar sal wees. Tussen hierdie twee positiewe gedeeltes lees ons van die Here se ongelukkigheid oor die volk wat op verkeerde dinge vertrou het (Jes 2:6-22), oor die onreg wat hulle gepleeg het (Jes 3:1-15) en oor hulle hoogmoed (Jes 3:16-4:1)

In die swaarkry wat die volk hulself op die hals gehaal het, het die Here hulle nooit verlaat nie. Hy het nie dié wat agtergebly het of dié wat weggevoer was, verlaat nie. Hy het dit ook nie gedoen toe hulle weer terug is in die verwaarloosde Jerusalem nie. Toe alles op die oog af goed gelyk het, toe Juda gespog het met sy strydwaens en perde en die vroue met juwele, handsakkies en kopdoekies ydel rond getrippel het, was die volk ver van die Here af. Na die ballingskap toe daar omtrent niks oorgebly het nie en lewensmiddele baie beperk was, word die klompie in Jerusalem bewus van die Here se sorg en sy teenwoordigheid.

Die *afdak* teen die versengende son en die *skuilplek* teen 'n stortbui herinner aan die *skerm in die wingerd* en die *hut in die komkommerland* in die middel van 'n verwoeste land en 'n afgebrande stad (Jes 1:8). Dit is almal beelde wat vertel van die Here se sorg en beskerming. Al is Jerusalem nie opgebou nie, al is skaduwee en lewensmiddele baie skaars, al is hulle uitgelewer aan die elemente, word die Here hulle skuiling, die plek waar hulle kalmte, rus en vrede vind. Jerusalem op sy kruin is ontrou aan God. Jerusalem in puin ervaar die teenwoordigheid van God.

Verwagte uitkoms:

Ons kyk baie maklik in die "blink" vas, in die dinge wat mooi blink en dink dat God ook net teenwoordig is by die plekke waar dinge goed gaan en waar dinge volgens ons planne verloop. Jesaja 4:2-6 maak God se teenwoordigheid binne die puinhoop sigbaar. God is nie net teenwoordig wanneer dit goed gaan nie, Hy is daar wanneer dinge sleg gaan ook.

Aksie:

Tydens die erediens gaan 2 prente aan die kinders gewys word: een van 'n mooi stad en een van 'n lelike en vuil/arm stad. Daar word aan die kinders gevra waar is God teenwoordig.



Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in (hakkies) dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- As jy sou kyk na die twee prentjies, in watter prentjie sou jy eerder sê is God teenwoordig?
- Hoekom dink mense dat God net teenwoordig is wanneer dinge goed gaan?

Hart vrae:

- Noem vir die groep 'n keer toe jy agtergekom het dat God by jou was toe dit sleg gegaan het.
- Noem vir die groep 'n keer toe jy agtergekom het dat God by jou was toe dit goed gegaan het.

Skoppens vrae:

- Wat leer dit jou van God dat Hy in beide die goeie en slegte omstandighede teenwoordig is?
- Waar dink jy was God toe die “Twin Towers” in New York geval het of toe die Tsunami Phuket getref het of toe die aardbewings Haiti getref het?

Klawers vraag:

- Wat sal jy volgende keer onthou wanneer jy jouself in slegte omstandighede bevind?
- Hoe kan ons vir ander wys dat God steeds teenwoordig en betrokke is, al gaan dit sleg?